**2 MEI** **Skrifgedeelte: Levitikus 8 (oav)**

**Fokusgedeelte: Levitikus 8:33-36**

## Bly by die Here

Dit is ‘n geweldige oomblik as die Here jou roep. Iemand kan homself nie sommer "benoem" tot ampsdraer nie. Jy word ook nie deur mense "benoem" nie, maar deur God "geroep". So was dit ook met Aäron en sy seuns. God roep hulle om die priesteramp te beklee. Dit gaan met allerlei offers en seremonies gepaard. Die gemeente moet ook sien dat God ernstig is met sy versoeningswerk onder sy verbondsvolk.

Hierdie ampsdraers word totaal deur die Here in beslag geneem. Moses neem die bloed van die wydingsram en stryk dit aan die regteroorlel, die duim van die regterhand en die groottoon van die regtervoet van Aäron en sy seuns. Dit word aan die regterkant gedoen, want dit was die kant van aksie. Aan die oorlel: hulle moes hóór wat God vir hulle en deur hulle vir die volk sê. Aan die duim van hulle regterhand, want hulle moes doen wat God hulle opdra. Aan die groottoon van die regtervoet, want hulle moes "wandel op die weë in Gods wet vir hul gebaan" (Ps 119:1).

En dan moes hulle, gevoed deur die voedsel wat God vir hulle bestem het, vir sewe dae by die ingang van die tabernakel bly – sewe dae in God se nabyheid. Sewe, die getal van God se volheid, wat beteken dat hulle hele lewe toegewy was aan God se diens. So was hulle beelde van die groot Hoëpriester, Jesus Christus.

*Sing: Psalm 119:1,2* *Ds Lammert Stavast (Emeritus)*